

HOE OM 'N BESKERMINGSBEVEL TE VERKRY



Het jy daardie bloukollie gesien? Dit is waaroor gisteraand se geskree gegaan het. Ek dink Peter slaan vir Mary en klein Festus.

Miskien verdien sy dit. Vergeet dit, dit is 'n private gesinszaak.



Nee, sy verdien dit nie! Niemand verdien dit nie. Geweld is geweld. Ons moet haar probeer help.



Dit is my skuld dat Peter my slaan. Ek maak hom kwaad.

Het jy geweet dat jy 'n beskermingsbevel by die Landdroshof kan kry?

Nee, Mary, dit is SY skuld. Dit is nie jou skuld nie. Jy moet die geweld stopsit. Ek het nou die dag in die koerant gelees van 'n vrou wat deur haar kêrel doodgemaak is.



Wat is dit?



'n Beskermingsbevel is 'n hofbevel wat sê dat Peter moet ophou om jou aan te rand. Hy sal dalk selfs uit die huis moet trek vir 'n tyd. Dit sal jou tyd gee om 'n permanente oplossing vir jou probleem te kry.

'n Hofbevel? Jy weet ek kan nie 'n prokureur bekostig nie.



Jy het nie 'n prokureur nodig nie - die bevel is gratis. Jy kan enige tyd hof toe gaan - selfs oor naweke of in die nag. As jy nie wil gaan nie, kan jy enigiemand wat jy vertrou, soos 'n pastoor of 'n vriend, vra om dit namens jou te doen.



Ek gaan dit doen! Ek gaan beheer neem oor my lewe en die geweld stop.



Ek wil graag aansoek doen om 'n beskermingsbevel teen my man.



Ek sal jou aansoek vir die Landdros gee. As daar genoeg bewyse is, sal jy 'n tydelike beskermingsbevel kry. Anders kan hulle jou vra om meer inligting te gee.



Beskermingsbevel



Die Landdros het vir jou 'n tydelike beskermingsbevel gegee. Ons sal jou man daarvan in kennis stel. As hy die bevel aanvaar, word dit finaal. As hy dit verwerp, sal daar 'n verhoor wees. Jy en jou man sal altwee daar moet wees.



Ek sal die bevel vir die polisie stuur.



Ek is so bang om terug te gaan huis toe. Peter sal woedend wees vir my.



Dit is die polisie se plig om jou te beskerm. Jy kan hulle kontak as jy enige probleme het.



Ek moet
môre hof
toe gaan.

Wat gaan dan
gebeur, Mamma?



Ek sal vir die
Landdros vertel hoe
dit by die huis gaan.
Hoe jou pa ons slaan.
Die Landdros sal vir
my vrae vra. Al wat
ek moet doen, is om
hom te vertel presies
wat hier gebeur.



Kan ons vir Meme Esther ook
help? Ek het gisteraand gesien
hoe haar man haar slaan en
slaan tot sy gehuil het.



Ja, ons sal haar help.
Ek wil soveel mense as
moontlik help wat net
so swaar kry soos ons.



Lekker slaap.



Niemand verdien om
geslaan te word nie.

DIE VOLGENDE DAG

Ja, ek slaan haar. Maar sy is my vrou; ek moet sorg dat sy haar gedra. En my seun – ag, jy weet hoe kinders is.

Jy het geen reg om jou vrou te slaan of jou kind seer te maak nie. 'n Huis moet 'n plek van veiligheid en vertroue wees, nie een van gevaar nie. Mary, het jy 'n plek waarheen jy Festus kan vat?

Nee, Meneer, ek het nie eens 'n werk nie.

Omdat jy nêrens het om heen te gaan nie, dink ek dit sal goed wees as Peter vir ses maande êrens anders gaan bly.

Dalk sal jy gedurende dié tyd leer hoe om jou humeur te beheer. Of Mary kan besluit dat sy liever alleen wil bly en kan dan vir haarself 'n plek kry waarheen sy kan trek. Gedurende die volgende ses maande moet jy onderhoud betaal. Mary, voordat die ses maande om is, moet jy na 'n onderhoudshof gaan as jy 'n permanente onderhoudsbevel wil hê. Die onderhoudsbevel wat ek hier uitmaak, is net tydelik.

Wat?! Dit is my huis!

LANDDROS



HUISHOUDELIKE GEWELD is geweld teenoor 'n familielid of iemand wat in 'n verhouding is met die aanrander. Dit is gewoonlik liggaamlike geweld, maar kan ook seksuele misbruik, emosionele en mondelinge mishandeling, ekonomiese misbruik, dreigemente, intimidasie, teistering en betreding insluit.

'n Aansoek om 'n beskermingsbevel bestaan uit vier stappe:

1. Gaan na die Landdroskantoor en vul 'n aansoekvorm in – die klerk kan jou daarmee help. Dit is belangrik om getuies en bewyse wat jy het, saam te neem. Jy het nie 'n prokureur nodig nie.
2. Die Landdros sal jou aansoekvorm deurgaans en as daar genoeg bewyse is, sal hy vir jou 'n tydelike beskermingsbevel gee.
3. As die aanrander nie met die tydelike beskermingsbevel tevrede is nie, sal die landdros 'n informele en private verhoor hou. Die Landdros sal besluit of hy die beskermingsbevel finaal sal maak of nie. Aan die ander kant, as die aanrander die tydelike beskermingsbevel aanvaar, word dit finaal en is 'n verhoor nie nodig nie.
4. Die finale beskermingsbevel sal na die plaaslike polisie kantoor gestuur word. Dit is 'n misdad om 'n beskermingsbevel te ignoreer.





HET JY
... 'n VRAAG?
... 'n OPMERKING?
KONTAK ONS!

SMS: 081-6000098
E-pos: info@lac.org.na
Faks: 088-613693
Posadres: Posbus 604 Windhoek
Ons wil graag weet wat jy van hierdie strokiesprent dink.

Vir meer inligting oor die **Bekamping van Huishoudelike Geweld Wet 4 van 2003**, of om afskrifte van ons publikasies te bekom, kontak asseblief die Legal Assistance Centre.

Vir meer inligting sien die Legal Assistance Centre se **Gids tot die Bekamping van Huishoudelike Geweld Wet**.

Hierdie strokiesprent mag vryelik gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes op voorwaarde dat erkenning aan die bron gegee word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC webtuiste: www.lac.org.na



Teks:
MAUREEN QUIGLEY
Illustrasies, ontwerp en uitleg:
DUDLEY VIALI en PERRI CAPLAN

Projektoesig:
RACHEL COOMER en
DIANNE HUBBARD

Drukwerk:
PRINTER TO ENTER NAME

Finansiering:
NEDERLANDSE MINISTERIE VAN
BUITELANDSE SAKE, MDG3 FONDS

Uitgewer:
GENDER RESEARCH &
ADVOCACY PROJECT,
LEGAL ASSISTANCE CENTRE, 2010

